# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 6 Oktober 2017

***"I want the people of the Philippines to be happy, even if they have nothing" Manny Pacquiao***

## DATUMS - EINDE VAN DIE JAAR

DAFF gaan volgende week hul Koördinerende vergadering op 11 Oktober by Africaos, Addo van 09:00 tot 15:30 hou. Die laaste CMF vir 2017 gaan op Donderdag 26 Oktober 2017 gehou word. Die vergadering sal by LNR Infruitec, Stellenbosch vanaf 10:00 gehou word.

## FILIPPYNE

Die Filippyne voer 330 700 ton vrugte in van regoor die wêreld. Die grootste volume is appels (153 000 ton); terwyl sitrus die tweede plek met mandaryne (77 000 ton) beklee, vyfde plek met lemoene (22 000 ton) en sesde plek met suurlemoene (3 000 ton). Slegs 285 ton pomelo's is in die afgelope jaar ingevoer. Die grootste verskaffers van mandaryne is China (65%) en Pakistan (21%). Vanaf die suidelike halfrond kom invoere vanaf Argentinië (11%) en Australië (3%). Lemoen-invoere word deur Australië (34%) oorheers, met Argentinië (6%) wat ook teen-seisoenale vrugte lewer. Noordelike halfrond verskaffers van lemoene is China (27%), VSA (25%) en Pakistan (8%).

Suid-Afrika het in 2009 aansoek gedoen om toegang vir sitrus tot die Filippyne te verkry. Die proses van pes risiko-analise (PRA) is naby afhandeling. Die afgelope week het 'n afvaardiging van Fruit South Africa, PPECB en die Departement Landbou, Vissery en Bosbou die Filippyne besoek in 'n poging om die proses te finaliseer. Bygestaan deur Ambassadeur Slabber en sy span by die Suid-Afrikaanse ambassade in Manila, het die afvaardiging met BPI (Filippynse plantgesondheid) en ander belanghebbendes vergader. Die afvaardiging het die Agrilink-handelsskou bygewoon, waar beide DAFF en Fruit South Africa uitstallings gehad het. Anton Kruger van FPEF het by 'n seminaar wat deur Agrilink aangebied is, 'n aanbieding gedoen. Daar was groot belangstelling in Suid-Afrikaanse vrugte en teleurstelling van potensiële verbruikers dat toegang van vrugte nog steeds onderhandel word. Die beperkte somer aanbod van sitrus lei tot hoë pryse en beperkte keuses - met sommige invoerders wat kla oor die kwaliteit wat hulle die afgelope jaar ontvang het. Hopelik sal hulle in die nabye toekoms 'n groter keuse hê.

## GEPAK EN VERSKEEP

Suider-Afrika se sitrusseisoen sal in die volgende week of twee tot 'n einde kom.

| Tot Einde Week 39 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | 2015 | 2016 | 2017 | 2016 | 2017 | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 16.1 m | 13.8 m | 15.7 m | 13.2 m | 14.2 m | 15.6 m | 15.7 m | 13.8 m |
| Sagte Sitrus | 9.9 m | 12.1 m | 13.4 m | 11.3 m | 13 m | 13.2 m | 13.8 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 14.8 m | 15 m | 19 m | 14.6 m | 18.8 m | 17.5 m | **19 m** | 15 m |
| Nawels | 24.5 m | 26.2 m | 21 m | 25.5 m | 21 m | 26.3 m | 21.2 m | 26.2 m |
| Valencias | 51.5 m | 41.1 m | 52.1 m | 39.1 m | 47.4 m | 50.1 m | 52.2 m | 41.8 m |
| Totaal | 116.8 m | 108.2 m | 121.2 m | 103.7 m | 114.4 m | 122.7 m | 121.9 m | 109 m |